Verwysing: 20190823-8321
Lêernommer: 12/2/13/6
Navrae: V Madasi

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0010/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

Onderwerp: Aanlynstelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2020

1. Soos aangedui in Omsendbrief 0029/2019, gedateer 09 Augustus 2019, is werkboeke (graad R tot 9) vir die eerste helfte van 2020 by alle skole afgelewer.

2. Om werkboektekorte en -surplusse vir graad R tot 9 vroegtydig in die eerste helfte van 2020 te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 21 en 25 Oktober 2019 toegang tot SOBIS verkry. Skole moet gedurende daardie tydperk hul werklike getal werkboeke wat vir elke graad ontvang is teenoor hul geprojekteerde leerderinskrywings vir Januarie 2020 vaslê en afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklys en kies dan die "Welcome and guidelines"- of "Capture"-skerm.

4. Indien u enige hulp benodig met die vaslegging van u besonderhede en die aftekenproses, kan u die volgende persone kontak:

   Vuyelwa Madasi by tel. 021 467 2108 of per e-posadres
   Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za

   Kashiefa Sedien by tel. 021 467 2553 of per e-posadres
   Kashiefa.Sedien@westerncape.gov.za

5. Sodra al die besonderhede van die skool se werkboeke vir die spesifieke fases vasgelê is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting wat ingesamel is oor werkboektekorte en -surplusse, sal via EduInfoSearch toeganklik gemaak word aan die betrokke distriksamptenare wat verantwoordelik sal wees vir die verspreiding en versameling van werkboeke waar daar tekorte of surplusse is.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: L McGLENATENDOLF
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-09-18